# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

SAPPA

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Pekanneut Plantmateriaal

# PEKANNEUTPRODUKSIE

Aangesien pekanneute ’n besondere lang produksie lewe van ’n 100 jaar plus het, is dit noodsaaklik dat produsente die beste plantmateriaal bekom om ‘n boord te vestig.

***„‘n Goed beplande, georganiseerde boord sal bewys meer doeltreffend te wees, minder insette vereis en ’n groter potensiële opbrengs bied.”***



Minimum Standaarde en Klassifikasie van Pekanneutboompies soos vervat in webblad van SAPPA. www.sappa.za.org

1. Oopwortelbome.
2. Houerbome.



# Oopwortelbome.

## Voordele van Oopwortelbome.

a) Die prys van oopwortelbome is gewoonlik laer as die van houerbome van vergelykbare grootte, omdat die kweekproses goedkoper is.

b) Omdat al die wortels sigbaar is kan wortelstelsels behoorlik voor plant geïnspekteer word.

c) Oopwortelbome is gemiddeld groter as houerbome.

d) Vervoer is aansienlik makliker en goedkoper. Ongeveer 100 keer soveel oopwortelbome kan op 'n voertuig gelaai word, in vergelyking met houerbome.

e) Angesien daar jaarliks soveel oopwortelbome gekweek word, is hulle meer geskik vir grootskaalse kommersiële aanplantings.

f) Meganiese uithaal is moontlik, en ook verkieslik, veral vir kwekerye met groot hoeveelhede bome.

g) Oopwortelbome se wortels word behou in die plantproses terwyl die draaiwortel by sakbome afgeknip moet word.




# Klassifikasie van oopwortelbome.

| Grootte klassifikasie | Dikte van nuwe groei (mm) | Minimum wortellengte (mm) |
|---|---|---|
| Klein | 6 tot 8 | 500 |
| Medium | >8 tot 15 | 600 |
| Groot | >15 tot 22 | 700 |
| Ekstra Groot | >22 tot 30 | 800 |
| Oorgroot | > 30 | **1000** |



## Houerbome.

### Voordele van houerbome.

a) Beter oorlewing na uitplant.

b) Die uitplantproses van houerbome is nie so tydsgebonde soos diè van oopwortelbome nie. Houerbome kan reg deur die jaar uitgeplant word.

c) Steuring van wortels is minimaal, op voorwaarde dat die sak lank genoeg is en penwortel sonder effek bo die onderste draai afgesny kan word.

d) Indien haarwortels behoue gebly het, kan onmiddelik met bemesting begin word.

e) Die uitdroging van die wortels tydens vervoer is minimaal.



Nadele van houerbome.

a) Houerbome is duurder en meer arbeidsintensief om te kweek en is daarom ook heelwat duurder om aan te koop.

b) Vervoer van houerbome is duur, aangesien min bome per volume vervoer kan word. Die gewig van houerbome is ook baie meer as diè van oopwortelbome.

c) Bome in houers korter as 500mm vorm ernstige draaiwortels en is nie geskik vir kommersiële aanplantings nie.

d) Slegs klein hoeveelhede houerbome is kommersieël beskikbaar.


# Defekte by Plantmateriaal.

1. Houer bome wat in te klein plantsakke gekweek word, se wortelruimte binne die sak is te beperk en vorm draaiwortels en is nie geskik vir aanplantings nie.



# Defekte by Plantmateriaal.

2. Daar is bevind dat in kwekerye ongeveer 1 uit elke 10000 sade wat ontkiem, die kiemwortels en kiemplantjie rigting verloor en in sirkels groei. Dit veroorsaak ‘n verswakking van die boom se struktuur en kan later afbreek of omwaai.



# Defekte by Plantmateriaal.

3. Plantmateriaal wat ook nie geskik is nie, is bome waarvan die wortels of stamme probleme toon asgevolg van beserings of ander defekte.



# PEKANNEUTPRODUKSIE

Inligting verskaf deur

# Fotografie, Grafiese Ontwerp en Redigering:

Wollie Burger

Spesiale erkenning en dank aan Johan Coetzee & Alvin Archer vir tegniese raad.

Wollie Burger Sel: 083 303 7762
E-pos: wollieburgr@lantic.net

SAPPA